

SARS IS TOEGEWYD OM SUID-AFRIKANERS TE DIEN

1 April 2025 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is verheug om 'n positiewe voorlopige inkomste-invorderinguitslag vir die 2024/25 fiskale jaar aan te kondig. Hierdie prestasie vind in 'n moeilike ekonomiese omgewing plaas.

SARS is 'n hoeksteen van ons geliefde demokrasie. Sedert die stigting van SARS, het hulle meer as R23.3 triljoen ingevorder om 'n bekwame staat te help bou wat na alle burgers omsien. Hierdie sukses is onlosmaakbaar verbind tot 'n doeltreffende inkomste-administrasie wat sy wetlike mandaat uitvoer wat behels die invordering van alle inkomste wat aan die fiskus verskuldig is, nakomingsverbetering te koester en regmatige handel te fasiliteer. As 'n organisasie, gaan alles wat ons doen oor die transformerende impak wat ons op die lewens van ons mense het - ons noem dit ons "hoër doelwit". Ons is besig om ons 'n nuwe beeld vir ons organisasie te skep wat 'n slim, moderne SARS betref wat deur almal vertrou en bewonder kan word, soos in ons *Visie 2025 - 2030* omskryf.

Teen die einde Maart 2025, het SARS 'n rekord brutobedrag van R2.303 triljoen ingevorder, wat 'n jaar-op-jaar groei van 6.9% verteenwoordig teenoor geskatte nominale BBP-groei van 5.4% (2024/2025). Te midde van hierdie moeilike ekonomiese omgewing, het SARS terugbetalings van R447.7 miljard aan belastingpligtiges uitbetaal - die hoogste bedrag ooit in terugbetalings (teenoor R413.9 miljard in die vorige jaar) - wat 'n groei van 8.2% verteenwoordig. Dit bring die ingevorderde netto bedrag op R1.855 triljoen, wat amper R8.8 miljard meer is as die hersiene skatting, en R114.0 miljard meer as verlede jaar se R1.741 triljoen.

"Ek is bly dat die R447.7 miljard, wat na die hande van die belastingpligtiges teruggegee is, goed is vir die ekonomie," het Kommissaris Kieswetter gesê. "Ek bly egter diep besorgd oor die ewig-teenwoordige bedreiging van terugbetalingbedrog en misbruik van die stelsel". Om hierdie probleem te illustreer, het SARS in die tydperk ter sprake die uitvloeï van R146.7 miljard in ontoelaatbare terugbetalings voorkom.

Die voorlopige inkomste-invordering verteenwoordig 'n belasting-tot-BBP-verhouding van 24.8%, wat die land se fiskale gesondheid en doeltreffendheid in inkomstegenerering weerspieël. Boonop was die belasting-veerkragtigheid vir die fiskale jaar 2024/25 op 1.20 geskat, wat op die kragtige reaksie van die belasting-inkomste relatief tot ekonomiese groei dui. Hierdie veerkragtigheidsverhouding ondersteun die regering se kapasiteit om sy inkomste-invorderingstrategieë by die dinamiese ekonomiese omgewing aan te pas, wat volhoubare fiskale stabiliteit en groei verseker.

In die fiskale jaar 2024/25, was die prestering van sleutelbelasting 'n kritiese aanwyser van ekonomiese stabiliteit onderwyl Suid-Afrika die ingewikkeldheid van na-pandemiese herstel navigeer. Daar was 'n opmerklike skuif in inkomste-strome, beïnvloed deur 'n kombinasie van markdinamieke, handelspatrone en

verbruikergedrag. Dit het gelei tot skuiwe in die vooruitsig vir sommige van die sleutelaanwysers wat inkomste-prestering ondersteun het. Byvoorbeeld, nominale BBP sou na verwagting, volgens die 2024-begroting, teen 5.7% groei en is in die middel van 2024/25 tot 6.1% aangepas. Met die 2025-begroting, is die vooruitsig tot 5.4% verlaag. Die groei van sommige aanwysers, soos die loonrekening, finale huishoudelike besteding, invoere en uitvoere, sou na verwagting tydens die jaar afneem, terwyl die skattings vir bruto bedryfsurplus verbeter het.

Suid-Afrika het onewer ekonomiese herstel getoon, wat beide positiewe vorderings en voortslepende moeilikhede voorstel. Die finansies-, gemeenskap-, groothandel-, en konstruksiesektore het kragtige winste gehad, wat bygedra het tot die 6.1% jaar-op-jaar groei in inkomste-invorderings (2024/25) en die 4.4% in BBP (2025). Hieronder is die prestering van die onderskeie belastinge.

Netto persoonlike inkomstebelasting (PIB), rente ingesluit

Netto PIB (rente ingesluit) was met die 2024-begroting geskat om teen 13.8% te groei, 12.3% met MTBBR, en 12.9% met die 2025-begroting. **Netto PIB** het met R81.8 miljard (12.6%) gegroei, wat gedeeltelik aan bo-inflasie groei in die finansies- en gemeenskapsektore se lopende betaalstelsel (LBS) toegeskryf kan word, asook die winste uit tweepotonttrekkings. Die tweepototaanwysings het R12.9 miljard vir die jaar-tot-op-datum beloop, vergeleke die voorspelde skatting van R5.0 miljard (R7.9 miljard meer). Daarbenewens was daar 'n merkbare verbetering in SBS-belastingnakoming, soos deur die vrywillige nakoming-indeks aangetoon, wat met 0.38 persentasiepunte gegroei het van die vorige jaar se 75.10% (2024/25) tot 75.48%. Hierdie opwaartse neiging in nakomingpogings vorm belastingpligtige-gedrag.

Netto maatskappye inkomstebelasting (MIB), rente ingesluit

Die aanname vir **netto MIB** (rente ingesluit) was -3.3% met die 2024-begroting, 0.4% met die MTBBR, en 1.1% met die 2025-begroting. **Netto MIB** het met R6.5 miljard (2.1%) gegroei, gedrewe deur **MIB-voorlopige belasting invorderings** van R323.3 miljard, wat R10.5 miljard (3.3%) hoër as die vorige jaar was en die 2025-begrotingskatting met R4.3 miljard (1.4%) oorskry het. Die groei was hoofsaaklik as gevolg van die finansiessektor wat deur verhoogde winste gedryf is, terwyl die mynsektor bly krimp het. Die MIB vrywillige nakoming-indeks het met 3.2 persentasiepunte gegroei van die vorige jaar se 48.43% (2024/25) tot 51.66% (Februarie 2025), met merkbare verbeteringe in indieningnakoming.

Netto belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Netto BTW, wat 24.7% van totale invorderings bygedra het, het met R10.5 miljard (2.3%) gegroei.

Die aanname vir **BTW-terugbetalings** was groei van 7.6% met die 2024-begroting, 6.7% met die MTBBR, en 7.2% met die 2025-begroting. Teen einde Maart 2025, was **BTW-terugbetalings** van R365.5 miljard uitbetaal, 'n jaar-op-jaar groei van R22.5

miljard (6.6%). Die top drie terugbetaalde sektore was mynbou (hoofsaaklik as gevolg van hoër uitvoere en plaaslike uitgawes), finansies en vervaardiging. Voorlopige aanduidings is dat SARS se pogings lekasies ter waarde van R74.0 miljard verhoed het (teenoor R60.7 miljard in 2023/24), hoofsaaklik te danke aan gesindikeerde-misdaadondersoeke, ondersoekende oudits en belastingverifiërings.

Totale **BTW-terugbetalings** van R365.5 miljard hierdie jaar, het nagenoeg 4.9% van BBP verteenwoordig. Dit is verblydend dat van al die terugbetalings, R127.4 miljard aan KMMO's uitbetaal is, wat deurslaggewend is in die dryf van werkskepping.

Die aanname vir **binnelandse BTW** was groei van 6.4% met die 2024-begroting, 7.1% met die MTBBR en 7.3% met die 2025-begroting. Binnelandse BTW-invorderings het R562.1 miljard beloop, 'n styging van R36.3 miljard (7.0%). Hiervan is R271.0 miljard (48.2%) van die binnelandse BTW deur grootsake-ondernemings betaal, en R292.1 miljard (51.8%) deur minder-groot sake-ondernemings, hoofsaaklik uit die finansiessektor. Hierdie groei kan toegeskryf word aan faktore soos verhoogde verbruikerssentiment, laer rentekoerse, beheersde inflasie en vroeë pensioenfondssonttrekkings, waarvan alles huishoudelike verbruik in die laaste kwartaal van 2024 'n hupstoot gegee het. Daarby is 'n bykomende R9.8 miljard as kontant uit SARS se nakoming-inkomstepogings ingevorder. Die BTW vrywillige nakoming-indeks het met 1.8 persentasiepunte gegroei van die vorige jaar se 63.78% (2024/25) tot 65.58%, wat op positiewe skuiwe in die jaar se nakominggegewens dui.

*Die aanname vir nominale invoere was groei van 6.0% met die 2024-begroting, 3.8% met die MTBBR, en 1.5% met die 2025-begroting. Die aanname vir **invoer-BTW** was groei van 8.2% met die 2024-begroting, 0.7% met die MTBBR en -0.5% met die 2025-begroting. Werklike invoere het teen 31 Maart 2025 met -3.3% gekrimp, wat laer-as-verwagte invoer-BTW van R2.30 miljard tot gevolg gehad het, soos gemeet teenoor die 2025-begrotingskatting. Invoer-BTW-invorderings het gekrimp as gevolg van minder invoere van elektriese masjinerie, voertuie en masjinerie.*

SARS glo dat belastingpligtiges eerlik is en gehelp wil word om hulle verpligtinge na te kom. In hierdie verband maak SARS dit maklik en eenvoudig vir belastingpligtiges om met die organisasie sake te doen deur helderheid en sekerheid te verskaf. Maar wanneer belastingpligtiges met opset hulle wetlike verpligtinge versuim, maak SARS dit vir hulle duur en moeilik.

SARS gebruik tegnologie soos datawetenskap, kunsmatige intelligensie en masjien-aanleringalgoritmes tot sy voordeel om misdryf en opsetlike nienakoming te bekamp. Sodanige stelsels maak ook seker dat geen regmatige terugbetalings geweier word nie, terwyl dit ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalings verhoed.

Die SARS-nakomingprogram-ingrypings het R301.5 miljard in nakoming-inkomste gegenereer, wat 'n jaar-op-jaar styging van 15.8% verteenwoordig. 'n Porsie van hierdie inkomste kan toegeskryf word aan kontantinvordering-inisiatiewe, wat R154.8

miljard beloop het. Strategieë om inkomste-lekasie te verhoed, het nog R146.7 miljard bygedra. Pogings en uitslae van SARS se administratiewe aktiwiteite sluit in:

- **R94 miljard** uit die **oplossing van meer as 3.7 miljoen uitstaande skuldsake** - deur skuldpropensiteit-ML-modelle
- **R103 miljard** uit **belastingverifiërings** waar risiko's aangedui is deur ons KI-gedrewe risiko-profileringmodelle, gedryf deur groot data, skuldgelykmaking en terugbetalingbedrog-risikobestuur-ML-modelle - wat **1.7 miljoen verifiëringsake uitgevoer het**
- **R59 miljard** uit die **uitvoer van 230 000 belasting- en doeane-nakomingoudits**
- **R30 miljard** uit **gesindikeerde-misdaadondersoeke** - die **uitvoer van 198 ingewikkelde ondersoeke (bestaande uit 165 onwettige- en 33 staatskapingsake)**
- **R15 miljard** uit **algemene nakomingwerk - 870 000 nakoming-opvolgsake**
- **20 miljoen diensverwante interaksies** by ons takke, per telefoon of deur ons digitale selfdiensplatforms, hulpverlening aan ons belastingpligtiges en handelaars met hul nakoming.

Die breë styging in inkomste kan toegeskryf word aan versterkte strategieë en die ywerige inwerkingstelling van nakomingmaatreëls. Inkomste-groei weerspieël die doeltreffendheid van geteikende pogings om fiskale uitslae te optimaliseer. Sodanige resultate onderstreep die belangrikheid van die verfyning van nakomingbedrywighede om volhoubare finansiële groei en toerekenbaarheid te lewer. Hierdie merkwaardige prestasie onderstreep SARS se toewyding tot nougesette nakoming en ons vermoë om groei in inkomste-invordering deur strategiese ingrypings te dryf.

Soos in die 2025-begroting vermeld, toon die voortgesette navorsing, om die skatting van SARS se belastinggaping te verfyn, belowende vordering, wat 'n toegewyde poging weergee om fiskale deursigtigheid en doeltreffendheid te versterk. In 2023, was die voltooiing van die BTW-belastinggapingstudie 'n mylpaal wat die pas aangegee het vir die huidige fokus op MIB- en PIB-belastinggapingstudies wat sedert 2024 onderweg is.

Die minister van finansies, Enoch Godongwana, het 'n bykomende R7.5 miljard aan SARS oor die MTBR-tydperk toegeken. SARS beplan om hierdie toekenning in die kort- tot mediumtermyn aan te wend tot die verbetering van sy skuld-kontantinvordering, die meer as 5 miljoen uitstaande opgawes na te jaag en die belastingbasis uit te brei. Ewe belangrik is dat SARS sal volhard in die verskerping van sy pogings om die onwettige ekonomie, handel-gegronde geldwassery en onwettige finansiële strome, insluitend onwettige sigarette, tweedehandse goud, kripto-geldeenheid, wanprysbepaling in die handel, en onderwaarderingbedrog, onder

andere, ferm aan te spreek. SARS sal oor dieselfde tydperk die modernisering van sy stelsels in beide belasting en doeanes uitbrei.

Met die hervoorstelling van die organisasie, stel ons 'n toekomstige staat in die vooruitsig waar belasting sake moeiteloos is en eenvoudig plaasvind. Dit is 'n ervaring wat deur nagenoeg 5 miljoen belastingpligtiges waargeneem is wat verlede jaar uit outo-aanslae voordeel getrek het, waartydens belastingpligtiges niks hoef te doen het nie - deur die gebruik van derdepartydata het SARS hulle belasting sake gerekonsilieer. Hoewel belastingpligtiges die reg voorbehou het om SARS van bykomende inligting, wat die organisasie nie gehad het nie, te voorsien, was die aanvaarding van outo-aanslae meer as 98%, met diegene wat werklike veranderinge gemaak het slegs minder as 1% van outo-aangeslane belastingpligtiges. Diegene aan wie terugbetalings verskuldig was, het dit binne 72 uur ontvang. Belastingpligtiges wat verkies het om hulle opgawes in te dien, het binne vyf sekondes 'n uitslag ontvang. Ons is ook tevrede dat dienslewering aan belastingpligtiges met 5.8% van verlede jaar gestyg het tot 87.13%. Dit is inderdaad 'n verhaal van HOOP.

SARS maak deurlopende vordering met sy strategiese oogmerk om 'n belasting- en doeanestelsel te bou wat op vrywillige nakoming gegrond is, onderwyl hulle hul vermoë versterk om opsetlike nienakoming op te spoor, te verhoed en dit duur en moeilik te maak. Om soewereiniteit oor die lot van ons land uit te oefen, moet ons ons belastingbasis uitbrei en voortdurend fiskale burgerskap aanmoedig, terwyl ons mense, data en tegnologie verbind om ons mandaat uit te voer. Met die betreding van die 2025/26 fiskale jaar, is ons primêre doel om strategiese komponente van ons balansstaat te benut. SARS sal volhard in die verdieping van hul werk, met behulp van alle belanghebbendes in die belastingstelsel, om vertroue in die organisasie mee te bring.

Die sukses van SARS is integraal tot die sukses van die hele regering. Verskeie legaatprojekte, indien ingestel, sal die hele regeringbenadering anker en volhou, en die nasionale finansiële stelsel versterk. Hoewel die mandaat van elke regeringentiteit gerespekteer word, werk ons met verskeie projekte saam wat onder andere insluit, 'n unieke digitale identiteit vir individue en entiteite, 'n gemene portaal wat data-integriteitafsondering verseker, gegrond op die agentskappe se mandate. Ons sal ook kyk na die bekendstelling van e-fakturerings, tesame met 'n gemene betalingplatform. Laasgenoemde sal die volume kontant in die stelsel verminder, asook 'n gemene uitbetalingplatform wees om die verskillende betalingplatforms te vervang. SARS, onderhewig aan befondsing en toepaslike ondersteuning, is gereed om hierdie inisiatiewe te lei, aangesien dit noodsaaklik is vir die sukses van ons en ander regeringdepartemente.

Ons is net so verheug dat SARS-werknemers, deur 'n werknemerskakelingopname, 'n bestendige en merkwaardige jaar-op-jaar verbetering toon. In die 2024/25-jaar, staan dit op 71% teenoor 69% in 2023/24, op van 61% in 2019/20. Hierdie positiewe

ontwikkeling kommunikeer 'n duidelike boodskap dat ons werknemers elke jaar tot dienslewering aan ons land toegewyd is met standvastige vasberadenheid en trots.

Die minister het vir SARS 'n inkomsteskatting van R2.006 triljoen vir 2025/26 gestel. Dit dra vertroue deur die minister oor aangaande SARS se vermoë om hierdie uitdaging deur te voer. Ons sal geen poging ontsien om hierdie uitdaging op te neem nie.

"Met die aanloop tot die betekenisvolle geleentheid van hierdie inkomste-aankondiging, het ek 'n wekroep tot aksie aan die hele SARS-familie gerig, ongeag of hulle in kernbedrywighe, instaatstelling- of ondersteuningfunksies was", het Kommissaris Kieswetter gesê. "Ek moet met trots sê dat almal klinkklaar gereageer het. Hulle het almal uitgegaan en oproepe gemaak en vir die bietjies gesoek wat tot hierdie glorieryke resultaat bygedra het. Ek is my diep verskuldig aan al my kollegas vir die opneem van hierdie uitdaging". Hulle toewyding om Suid-Afrika te dien is vanselfsprekend.

"Ek spreek altyd my innige dank teenoor alle Suid-Afrikaners uit, veral nakomende belastingpligtiges en handelaars, vir die onversuimlike nakoming van julle wetlike verpligtinge. Ons werk heeltyd hard om julle ervarings met SARS maklik en moeiteloos te maak - waar die beste diens geen diens is nie", het hy mee afgesluit.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.